

AFDELING D.

'N BEKNOPTE KONSTRUKTIEWE BYDRAE.

HOOFSTUK X.

WENKE IN VERBAND MET DIE DOEL,
INHOUD EN METODE VAN DIE KUNSOPVOEDING.


1. Inleiding.

Dit het vir ons duidelik geword dat daar tans nog groot onsekerheid heers omtrent die doel, inhoud en metode van die kunsopvoeding en die onderlinge verband tussen hulle. Volgens ons bevinding moet hierdie toedrag van sake toegeskryf word aan 'n gebrek aan insig in die plek en funksie van die kuns in die opvoedingstelsel en in die eise wat deur die samelewing aan die kuns gestel word. Helderheid omtrent hierdie aspekte is noodsaaklik, voordat ons die omvang van en benadering tot kunsopvoeding verder kan bepaal.

a. Die Plek van Kuns in die Algemene Estetiese Opvoeding.

Die estetiese opvoeding is die deel van die algemene opvoeding wat hom besig hou met dié kultuurprodukte wat op die skoonheidsaspek gegrond is in teëstelling met die wat uit die filosofie en die wetenskap voorstruip. Ons het dan met kuns te doen (hoofletter K) waaronder kuns (kleinletter k), musiek, letterkunde en euritmiek sorteer, elkeen met sy eie onderafdelings. Die term „Kuns“ dui dus die wye gebied van alle estetiese uitingvorme aan, terwyl die term „kuns“ alleen vir die visuele terrein, naamlik beeldende kuns, gebruik word. (Sien diagram.)

Kultuur



Die fundamentele faktor is die skoonheidsbeleving van die estetiese kwaliteit in 'n kultuurprodukt of in die natuur. „The permanent element in mankind which corresponds to the element of form in art is man's aesthetic sensibility. It is the sensibility that is static.”¹⁾ Die estetiese opvoeding behels dus die ontwikkeling van die estetiese gevoel en ervaring waardeur dan ook die waarderings- en genotaspek van die lewe bevorder word. Hier word alleen twee faktore betrek, naamlik die mens met 'n kunssin toegerus en die omgewing. Elke skoolvak kan dus tot die estetiese ontwikkeling bydra. Daarom is dit die plig van elke onderwyser om

1. Read: The Meaning of Art, 24.

om ook die nodige estetiese aandag aan sy spesifieke vak te gee.

Die fundamentele faktor in die kunsopvoeding is die skeppende uiting deur een of ander medium. Die kunssin of -gevoel word nou 'n middel tot 'n doel. „Kunsgenot is die voorwaarde en die bron van het kunstscheppen” sê Lindworsky.¹⁾ Sonder die estetiese gevoel kan daar dus geen kunsskepping wees nie. Die primêre strewe wat aan die kunsopvoeding opgelê word, is dan die ontwikkeling van die skeppende uiting, wat die estetiese gevoelsontwikkeling nie uitsluit nie, want hier word nie alleen die aangebore kunssin nie maar ook die aangebore skeppingsvermoë betrek en ontwikkel. Dié kunsopvoeding bied dus vir die leerling die geleentheid om sy kunssin en skeppingsvermoë deur die gebruik van een of ander medium proefondervindelik te ondersoek en te versterk.

Behalwe die voorwaardes vir 'n kunsopvoeding en die aard van deelname in die gemeenskap²⁾, moet ons nog helderheid kry omtrent die faktore wat die strewe van die kunsopvoeding bepaal.

b. Die Kunsbehoefte van die Indiwidu en die Samelewing.

„Het kunstgenieten zoowel als het kunstscheppen zou op een armzaligen trap blijven staan, wanneer de invloed der samenlewing ontbrak. Hoe weinig schilderijen zouden geschilderd worden, hoe weinig liederen gezongen, wanneer slechts één mensch bestond.”³⁾

Die kunssin van ons volk word vandag deur 'n ultra-wetenskaplike uitkyk op die lewe nadelig beïnvloed. 'n Stedelike atmosfeer en die invloed van die bioskoop en die pers dryf die skeppende uiting van die indiwidu dikwels in 'n verkeerde rigting. Ook vir die kunstenaar is die moderne lewe

-
1. Lindworsky: Experimenteele Zielkunde, 385.
 2. Sien hoofstuk III.
 3. Lindworsky: Experimenteele zielkunde, 390.

'n wrede stryd; ons maak min gebruik van hom en betrek die skeppende energie alleen vir wetenskaplike doeleindes. Hy voel hom nie langer as 'n integrale deel van die gemeenskap nie, maar as 'n verstoteling. Ons kultuur is in gevaar. Daarom word 'n beroep op die opvoeding gedoen om te sorg vir 'n esteties-kulturele ontwikkeling van ons nageslag.

(i) Die industriële behoefte: 'n Artikel wat geen kunskwaliteit besit nie, sal spoedig nie langer bevrediging gee nie en sal vervang word nog voordat sy diensbaarheid uitgeput is. 'n Kunssinnige ontwikkeling van beide die produsent en die verbruiker sal nie alleen groter tevredenheid en genot by die aankoop van artikels meebring nie, maar sal ook verkwisting in produksie en verkoopsmoontlikheid voorkom.

(ii) Die kulturele behoefte: Bewus of onbewus bestaan daar by elkeen van ons 'n behoefte om 'n beter insig in ons kultuurprodukte te kry. Maar ons samelewing het ook 'n behoefte aan nuwe kunsskeppinge om sodoende die kultuurskat te verryk. Deur 'n kunsopvoeding word ons in staat gestel om die kunserfenis van ons ras en medemens te kan waardeer en, indien moontlik, om dit aan te vul.

(iii) Die sosiale behoefte: As 'n sosiale wese is die mens afhanklik van sy medemens en sy milieu. Om te kan voortbestaan, moet die individu hom dus by die sosiale struktuur kan aanpas ook ten opsigte van die estetiese aspekte. In ons huis, beroep of vrye tyd moet ons 'n gekultiveerde lewe kan uitlewe wat sal bydra tot sosiale verheffing en doeltreffendheid. 'n Kunsopvoeding stel ons in staat om ook 'n konkrete bydrae te kan lewer.

(iv) Die ekonomiese behoefte: Onaantreklike geboue verminder vinnig in waarde en word spoedig gesloop, terwyl mooi geboue eerder in waarde vermeerder omdat die waarde van skoonheid nie kan verminder nie. Ons kunstenaars kan dus die waardevolste skeppers van rykdom wees, want kuns en die toepassing van ontwerp verhoog die ekonomiese waarde van

'n artikel. 'n Kunsopvoeding is dus ook op grond van die ekonomiese behoefte uiters noodsaaklik.

(v) Die selfuitingsbehoefte: Die drang om aan ons idees en belewings gestalte te gee is aangebore. Elkeen van ons openbaar hierdie neiging op een of ander manier; ons wil iets skep, byvoorbeeld 'n mooi tuin, kledingstuk, huisraadartikel of 'n huislike atmosfeer. Die edelste vorm van hierdie skeppende uiting vind ons dan in die beeldhou- en skilderaktiwiteit. Deur die kunsopvoeding wil ons dan die individu help om sy skeppingsvermoë in die regte kanale binne die gemeenskap te laat ontwikkel; dit wil sê sonder dat dit met die struktuur van die gemeenskap bots.

(vi) Die opvoedkundige behoefte: Daar is 'n belangrike verband tussen die bekwaamheid van 'n kunstenaar en van 'n uitvinder, tussen skepping en uitvinding. Die ontwikkeling van die skeppingsvermoë en van die bekwaamheid om 'n idee te kan vergestalt, bevorder die individu se opvoeding op wetenskaplike sowel as op kunsgebied. Kunsopvoeding gee ons 'n insig in dié aspek van die natuur en kultuurprodukte wat nie deur die logiese wetenskappe gedek word nie, naamlik die skoonheidsaspek.

(vii). Die ontspanningsbehoefte: In die moderne lewe is dit moeilik om vrye tyd so te kan gebruik dat dit 'n tyd van ontspanning en ware genot kan wees. Wanneer ons enige vorm van kunsaktiwiteit as 'n ware afleiding of stokperdjie kan aanvaar, het ons te doen met skeppende of produktiewe ontspanning. Maar in ons vrye tyd kan ons ook besig wees met aktiwiteite wat onpersoonlike plesier verskaf en wat op estetiese genot in die natuur of kultuurprodukte gemik is, byvoorbeeld reise om die natuurskoonheid te leer ken, besoeke aan kunsgalerye en museums en versamelings van kunsprodukte. Ook hiervoor moet die kunsopvoeding 'n waardevolle bydrae lewer.

Die gees en struktuur van die gemeenskap as geheel

gee dus nie alleen rigting aan die kunsgevoel van die individu nie, maar dit druk ook sy stempel op alle kunsprodukte af. Die kunsopvoeding moet dus bydra tot die bevrediging van individuele sowel as van gemeenskaplike behoeftes.

c. 'n Objektiewe en Omvattende Definisie van Kuns.

Die heersende teenstrydighede in die kunsopvoeding moet grootliks toegeskryf word aan die uiteenlopende opvattinge wat aan die begrip „kuns” verbind word. Die wye terrein wat deur kuns behels word, het aanleiding gegee tot uiteenlopende filosofiese rigtings en definisies daarvan. Die een verstaan onder kuns die uiting van 'n ideaal in grafiese of plastiese vorm;¹⁾ 'n ander 'n skeppende gevoelsuiting,²⁾ en 'n derde die bekwaamheid om kennis te kan gebruik.³⁾

Vir die opvoeding sou dit verkeerd wees om kuns alleen vanuit een van sy terreine te definieer. Ook moet die estetiese kwaliteit van 'n kunsprodukt nie buite rekening gelaat word nie, want dit is juis die maatstaf. Daarom is nie alles wat die mens voortbring kuns nie. Definisies soos: kuns is 'n uitbeelding van 'n gevoel, van 'n intuïsie of van 'n aandoening is vir ons te eng; ons het 'n omvattender en duideliker definieëring van die begrip „kuns” nodig.

Vir ons is kuns dan die vermoë om deur een of ander medium 'n esteties-waardevolle gestalte aan 'n siening of beleving te kan gee. Hierdeur word dan nie alleen alle terreine van kuns gedek nie maar ook individuele en temperamentele verskille van die mens. Hierdie definisie bepaal dan ook die rigting van die kunsopvoeding.

-
1. Johnstone: Child Art to Man Art, 7.
 2. Pearson: The New Art Education, 21.
 3. Helm: „Art education for Industry” in Some Aspects of Art Education, uitgegee deur die National Society of Art Masters. 82.

2. Die Doel van die Kunsopvoeding.

In die kunsopvoeding het ons met die skeppende uitingsaspek te doen. Ons uitgangspunt is dus die kind se skeppingsvermoë. Die waardering gaan die kunsskepping nie alleen vooraf nie, maar word deur die skeppende aktiwiteit self versterk. Die sterkste middel om die kunssin te ontwikkel, is dus die aktiewe skeppende ervaring. Daarom is die skeppende uiting die primêre doel in die kunsopvoeding. Deur ervaring in die kunsprosesse leer die kind om kuns te waardeer en voort te bring; maar hy kan ook alleen dit uitbeeld wat hy eers ervaar of beleef het. Hy leer dus deur selfondervinding.

Proefondervindelijke ondersoek van die persoonlike uitingspotensialiteit en van die moontlikhede en beperkinge van die kunsmedia vorm dus 'n belangrike deel van ons opvoeding. Hierby moet ons onthou dat die skeppende uiting met die bekwaamheid in die medium gepaard gaan. Hoe bekwaamer iemand in die medium is, hoe geredeliker hy sy siening of beleving kan uitbeeld. Maar bekwaamheidsontwikkeling in die sin van tegniek is slegs 'n middel tot die doel en geskied insidenteel tydens die aktiwiteitservaring.

a. Die Uiteindelijke Doel.

In die eerste plek moet ons weet waartoe on die kind wil lei wanneer hy skool moet verlaat.

Ons wil die kind se lewe verryk deur die geleentheid tot skeppende uiting wat kuns hom bied. Hierdie lewensverryking behels twee aspekte, naamlik:

(i) Die ontwikkeling van 'n begrip en kennis van kuns en skoonheid deur proefondervindelijke ondersoek en die toepassing daarvan in die alledaagse lewe.

(ii) Om die kind bewus te maak van die Goddelikheid in die skoonheid van die natuur.

b. Die Verwyderde Doel.

In die tweede plek moet ons weet waartoe

ons die kind wil lei wanneer hy 'n sekere skooljaar deurloop het.

Oor die algemeen streef ons in elke klas na 'n verwerwing van 'n duideliker begrip en kennis van die kunsbeginsels en van die skeppings- en skoonheidsgenot deur praktiese uitvoering. Dit behels dan die ontwikkeling van oorspronklikheid, waarderings- en waarnemingsvermoë, uitvoeringsbekwaamheid, belangstelling en geluk.

Hierdie doelstelling moet binne die bereik van die kind op sy spesifieke ontwikkelingspeil wees, en moet dienooreenkomstig bepaal word.

c. Die Nabysynde Doel.

In die derde plek moet ons weet waartoe ons die kind in die verloop van 'n spesifieke les wil lei.

Hier wil ons vir die kind oefeninge en ervarings met die verskillende media van kunsuiting gee waardeur dan 'n waardevolle houding, belangstelling, ideaal, gewoonte, bekwaamheid of smaak, al na gelang van die tipe les, ontwikkel word. Ons wil die kind help om deur 'n grafiese of plastiese medium aan sy idees sintuiglik waarneembare vorm te kan gee.

By die bepaling van ons nabysynde doel moet ons gedurig die uiteindelijke en verwyderde doel in gedagte hou sodat daar kontinuïteit kan wees.

Die waarde van die kuns in die opvoedingstelsel lê nie daarin dat dit 'n geleentheid vir sielkundige ontvlugting uit 'n kammervolle werklikheid bied nie. Dit lê eerder daarin dat dit die lewe genotvoller maak deur elke kind die geleentheid te gee om sy belangstellings en vermoëns beide as verbruiker en as produsent te ondersoek en te ontwikkel.

Elke kind haat uit 'n proefondervindelijke ondersoek van sy vermoëns in die mate dat daardeur 'n beter gesindheid teenoor kuns en 'n insig in die persoonlike

kunspotensialiteite ontwikkel word. Dit laat by elkeen 'n belangstelling in kunsbehoefte en - prestasies van sy gemeenskap ontwaak asook 'n begeerte om sy omgewing te verhef. Dit maak sy lewe ryker deurdat hy kuns as die integrerende faktor in die ontwikkeling van sy persoonlikheid aanvaar. Dit prikkel hom tot deelname aan die esteties-kulturele lewe in die gemeenskap. By sommige kinders mag die kunservaring tot kunsgenot lei, by ander tot 'n waardevolle vryetydsbesteding en by enkels tot een of ander kunsroeping.

3. Die Inhoud van die Kunsopvoeding; Problematiese Aktiwiteitservaringe.

Die inhoud van die kunsopvoeding sal uit aktiwiteitservaringe bestaan waardeur die grondslae van die kuns aangeleer kan word. Ons het dan te doen met die elemente van kuns, naamlik lyn, vorm, nuanse, kleur en tekstuur asook met die beginsels van kuns wat onder die term komposisie saamgevat kan word. (Die primêre beginsels is balans, ritme, herhaling, verhouding en aksentuasie; die sekondêre beginsels is simmetrie, uitstraling, wisseling en kontrastering.) 'n Toepassing van die grondslae gee harmonie en gepastheid aan 'n kunswerk en verwesenlik sodoende 'n skoonheidskepping.

'n Kennis van die grondslae van kuns help die leerling om die kwaliteit van 'n kunswerk te kan beoordeel en waardeer. Die onderwyser streef dus daarna om die leerling deur eie ervaring 'n funksionele kennis te laat opdoen sodat hy die grondslae skeppenderwys kan toepas. Hierby moet die kind se ontwikkelingspeil in aanmerking geneem word.

a. Die Kunservaringe.

In die kunsopvoeding is daar ses ervarings of aktiwiteite wat beoefen moet word.

(i) Teken en skilder: Dit is die grafiese ervaring, en beklemtoon waarneming, beskrywing, vertelling of selfuiting.

(ii) Ontwerp: Dit is die projektiewe of skeppende

ervaring, en beklemtoon vindingrykheid en oorspronklikheid.

(iii) Kleur: Dit is die chromatiese ervaring, en beklemtoon kleursin en die emosionele reaksie op kleur.

(iv) Modelleer: Dit is die plastiese ervaring, en beklemtoon die gevoel vir ruimte.

(v) Handwerk of kunsvlyt: Dit is die motor-konstruktiewe ervaring, en beklemtoon nuttigheid en handvaardigheid.

(vi) Waardering: Dit is die genotervaring, en beklemtoon die keuringsvermoë.

Die strewe in elke les is dan om soveel van hierdie ervarings- of aktiwiteite moontlik te laat beoefen om so doende 'n biologiese, sielkundigestetiese en sosiologiese groei te bevorder. Die balans hang van die ontwikkelingspeil van die kind af.

'n Aktiwiteitservaring wat aangebied word, kan die skeppende, beskrywende of die waarderende aspek van kuns beklemtoon, al na gelang van die aard van die probleem wat aangebied word, waarby dan ook die vermoë van die kind in aanmerking geneem moet word. Elke les sal dus die vorm aanneem van 'n doelgerigte en genotvolle probleemaktiwiteit, waardeur soveel moontlik van die grondslae van die kunst ontwikkel moet word.

b. Die Aard van Kunsprobleme.

Kunsprobleme wat aangebied word, moet natuurlik en nie kunsmatig wees nie. Dit sal dwaas wees om 'n kind te dwing om 'n abstrakte probleem aan te pak wat geen verband met sy ervaring of omgewing het nie. Probleme wat vir die kind van aktuele belang is en wat deel van sy ervaringslewe uitmaak, is voor die hand liggend, byvoorbeeld sy spel, huislike lewe, stokperdjies en die natuur rondom hom. Die probleme moet kinderprobleme wees wat in ooreenstemming met die kind se geestelike ontwikkeling en die aard van die betrokke kinderperiode staan.

Die werk in die grade, waar die kind se fantasie nog sterk is, vorm alleen die basis vir latere aktuele kunsprobleme; hier moet die elementêrste kunsbeginsels feitlik onbewus of implisiet aangeleer word. Vanaf standerd II kan 'n begin gemaak word met probleme wat 'n toepassing van kunsbeginsels vereis. Die ontwikkeling van die belangstelling is hier belangrik.

Vanaf standerd III verflou die vrye, spontane uiting van die kind en daarmee sy vrymoedigheid teenoor kunsaktiwiteit. Die kind word bewus van sy tekortkoming in die grafiese of plastiese uitbeelding en hy verloor vertroue in sy bekwaamheid. Dit is hier waar die verskaffing van voldoende dinkmateriaal en funksionele kennis uiters belangrik is, wat nodig is vir die voltooiing van die werkstuk. Wanneer die kind goed toegerus is, sal hy die probleem graag tot oplossing wil bring.

4. Die Metode; Die Kunslaboratorium.

Deur ons metode van kunsopvoeding wil ons by die kinders die vermoë ontwikkel om in hulle skeppingswerk die grondslae en beginsels van die kuns te kan toepas en om so doende die estetiese kwaliteit van die vergestaltung te verhoog. Daarom gee ons die lesse in die vorm van 'n probleemaktiwiteit. Die resultate van die kinders se werk sal toon of ons hierin geslaag het al dan nie.

Ons benadering wat dan as die probleemmetode in 'n sentrale ideeplan beskryf kan word, berus op die kind se ervaring. In hierdie opsig is kuns selfopvoedend vir die kind. Maar omdat elke mens ook uit die ervaring van andere leer, sou ons 'n proses van regressie belewe indien ons die kind aan homself sou oorlaat om alles self eers weer van vooraf uit te vind. Dit is die plig van die opvoeder om ervaringsresultate van ouer geslagte aan die nuwe geslag oor te dra sodat hulle weer daarop kan voortbou.

Ons mag ook nie veronderstel dat die kind uit eie

inisiatief die nodige ondervinding vir sy groei en ontwikkeling in die kuns sal opdoen nie. Om deur ervaring en proefondervinding te kan leer, het die kind 'n prikkel van een of ander bron, 'n suggestie van buite nodig. Dit is dan die plig van die onderwyser om die kind op een of ander ervaringsgebied te lei en om, ^{hom} deur taktvolle suggesties tot uiting te prikkel. Ons onderskryf hier heelhartig Winslow se bewering: „The child has a right to expect that he will be introduced to the new fields of interest in art, both in production and in consumption, which without teacher guidance might be forever closed to him.”¹⁾ Dit beteken nie dat ons belangstellingsterreine sal aanbied wat vir die kind te gevorderd is nie.

a. Die Funksie van die Onderwyser en die Kind.

Die onderwyser se suggesties dien dus om die kind se belangstelling en verbeelding in 'n sekere opvoedkundig waardevolle rigting te stuur. Hy gaan hierby van die kind se potensialiteit, ervaring en belangstelling uit en stuur op die skeppende genotervaring af. Sy taak is dus ook skeppend van aard, want hy moet belangstelling by die kind en opvoedkundig waardevolle situasies skep. Kunsopvoeding is dan vir ons 'n proses waaraan onderwyser sowel as leerling deelneem.

Die kind moet op 'n oordeelkundige manier gelei word om 'n probleem aan te pak en tot oplossing te bring. Die leerling wat besonder sterk in enige probleem belangstel, is hy wat die grootste voorraad inligting en funksionele kennis as agtergrond vir die probleem besit. 'n Metode wat na 'n sistematiese opbouing van so 'n voorraad kennis en bekwaamheid mik, gee vertroue aan die leerling en verseker 'n doeltreffende oplossing van 'n kunsprobleem. 'n Les word dus so gegee dat die kind iets daaruit kry waarmee hy soortgelyke of daaruit voortspruitende probleme sal kan oplos.

1. Winslow: Art in Secondary Education, 15.

b. Die Klaskamerpraktyk.

Ons beskou die klaskamer as 'n kunslaboratorium waarin leerling sowel as onderwyser die middelpunt vorm waarom alles draai, en waar elken sy bydrae lewer. 'n Kuns-aktiwiteit of -probleem word dan in die volgende stappe ondersoek en uitgevoer:

Voorbereiding: Ons het hier te doen met die ondersoek en aanbieding van die probleem, dit wil sê die analise. Die onderwyser sorg hier vir die nodige dinkmateriaal. Die kind se belangstelling moet gewek en sy verbeelding in 'n sekere rigting gestuur word; hy moet 'n duidelike begrip van die doel kry. Demonstrasies en vertoon van voorbeelde, waar nodig, is waardevol. Die voorbereiding sluit dan ook in:

(i) 'n Bespreking van die gereedskap, materiaal en prosesse wat gebruik kan word.

(ii) 'n Vergelykende ondersoek van die kunsbeginsels en -kwaliteit met betrekking tot die probleem (alleen vir die hoëre klasse).

Oefening en eksperiment: Ons het hier met proefondervindelike ondersoek te doen om sodoende die nodige funksionele informasie en geestestegniese te verwerf; dit wil sê assimilasie. Die onderwyser lei die kind in sy eksperiment of aktiwiteit waardeur eienskappe soos waarneming, smaak, oordeel, inisiatief en bekwaamheid ontwikkel word. Dit sluit dan in:

(i) 'n Gekontroleerde eksperiment om selfvertroue in verband met die proses te sterk.

(ii) Proefondervindelike toetsing van die grondslae van kuns.

(ii) Ontwikkeling van 'n moontlike werksplan vir die oplossing van die probleem.

Uitvoering:- Dit is die hoof funksie waar ons te doen het met die voltooiing en oplossing van die probleem. Die kind pas hier die dinkmateriaal, funksionele kennis en

verworwe bekwaamheid toe om nou selfstandig en oorspronklik te kan werk. Terwyl die kinders werk, verleen die onderwyser individuele hulp wat vir die leerling waardevoller is as klassikale instruksie.

Algemene bevindings:- Dit is die leertyd, die tyd vir veralgemening en meting. Ons het hier te doen met die veralgemening van ervarings wat uit die probleemaktiwiteit voortspuit. Hierdie stap vorm dan 'n soort nabetragting. Deur taktvolle leiding van die onderwyser sal elke kind hierbaat. Dit is hier waar kinders ook van mekaar kan leer. In die lig van 'n bespreking van 'n skeppende kinderkunste-naar se werk kry ook die kunsliefhebberkind 'n geleentheid om sy waarderingsvermoë te ontwikkel. Elke kind kan op grond van so 'n bespreking sy eie potensialiteit ondersoek en meet; elkeen word tot deelname geprikkel. Onder hierdie stap val verder ook die volgende:

(i) 'n Bespreking van moontlike toepassings op soortgelyke probleme. Eenvoudige reëls kan opgestel word.

(ii) 'n Ondersoek na die aktiwiteit se moontlikhede en beperkinge vir toepassing in die alledaagse lewe.

Die voorbereiding vorm 'n uiters belangrike deel van die plan. In die eerste twee stappe, wat as die voorafgaande funksie beskou kan word, word die kind voorsien van die nodige inligting om met die probleem (of projek) te kan voortgaan. Die derde stap vorm die hoof funksie. In die vierde stap kry die kind die geleentheid om die resultaat van sy ervaring met andere te kan bespreek.

Hierdie plan gee die algemene werksprosedure alleen in hooftrekke en sal nie so konsekwent op alle kunsaktiwiteite toegepas kan word nie, dit sal dan ietwat gewysig moet word om by die ontwikkelingstadium van die kind aan te pas.

5. Slot.

Kuns is dus vir ons die vermoë om deur een of ander medium 'n esteties waardevolle gestalte aan 'n siening

of beleving te kan gee. Die primêre doel in die kunsopvoeding is dan die ontwikkeling van die kind se skeppende uitingsvermoë. Om hierdie doel te bereik, moet die inhoud uit aktiwiteitservaringe bestaan, op die kind se selfondervinding gegrond. Die groei en ontwikkeling word verseker deurdat die inhoud die vorm van probleemaktiwiteite aanneem. Die kunslokaal moet dan as 'n kunslaboratorium beskou word. Ontwikkeling geskied dan deur proefondervindelijke ondersoek na die persoonlike potensialiteite.

Die benadering tot ons metode in die kunsopvoeding geskied vanuit die oogpunt van die gemeenskap asook van die individu. Die ervarings moet dan vir die kind nie alleen 'n bron van persoonlike estetiese bevrediging wees nie, maar moet hom ook help om 'n waardige lid van die gemeenskap te wees. Daar is dus twee benaderings tot kuns wat in 'n kunsles gelyktydig toegepas word. Die eerste raak die produksie van kuns. Ons noem dit die **produserbenadering**; hier speel sintese of opbouing 'n belangrike rol. Die tweede is die **verbruikersbenadering**; hier is analise die hoofmotief. Hoewel sintese sowel as analise in 'n kunsles betrokke is, sal somtyds analise en somtyds sintese die vernaamste aandag geniet, al na gelang van die spesifieke probleem.

Die belangrikste faktor in die kunsopvoeding is selfinspanning. So geskied ons opvoeding langs twee kanale. In die eerste plek gee ons instruksie waaronder ons die aanbrenging van dinkmateriaal en funksionele kennis verstaan; hierdeur word die kind in sy selfwerkzaamheid geprikkel. In die tweede plek sluit kunsopvoeding opleiding in waaronder ons die toepassing en meting van kennis, inligting en bekwaamheid deur die kind verstaan. Deur die skeppende aktiwiteit wil ons dus inligting, funksionele kennis, ervaring en bekwaamheid op 'n oorspronklike manier deur die kind laat toepas.

Die latere estetiese aanpassing aan en bydrae tot die kulturele lewe van die gemeenskap geskied dan outomaties deur die kunsopvoeding.